

Sorghummark in perspektief


Dis alweer die tyd van die jaar waar produsente moet begin besluite neem vir die seisoen wat voorlê in terme van die produksie en wat aangeplant moet word. Die huidige seisoen sal vir lank onthou word vir 'n absolute voortreflike produksieseisoen met die rekords wat gespat het in die mielie- en sojaboonmarkte spesifiek. Die mielieproduksie vir die seisoen word op 16.7 miljoen ton geskat, wat dit die grootste oes in die geskiedenis van SA se produksie maak. Die sorghumproduksie vir die seisoen word op 151 335 ton geskat en dit is op 42 350 ha geproduseer. Die gemiddelde sorghumopbrengs vir die seisoen was dus 3.57 ton/ha. Die groot mielie-oes het egter sy eie uitdagings gebring met die pryse wat onder druk is en heelwaarskynlik in die komende seisoen weereens teen 'n uitvoerpariteit sal verhandel. Die winsgewendheid van mielies is egter onder druk en produsente begin al hoe meer te kyk na alternatiewe gewasse om aan te plant vir die komende seisoen waaronder sorghum ook onder andere oorweeg word. Wanneer produsente die aanplant van sorghum oorweeg, is daar egter 'n paar belangrike faktore om in ag te neem.

Vraag en aanbod

Die algehele vraag na sorghum in Suid Afrika het oor die afgelope paar jaar aansienlik begin daal en die mark het van ongeveer 'n 400 000 ton per jaar verbruik gedaal tot en met ongeveer 160 000 – 190 000 ton per jaar verbruik. Die plaaslike verbruik wat oor die afgelope paar jaar aansienlik gedaal het, kan aan verskeie faktore toegeskryf word, waaronder van die vernaamstes die feit is dat die sorghum in meeste gevalle met mielies moet meeding (beide in terme van produksie en verbruik), sowel as die feit dat nuwe tegnologiese vooruitgang 'n groot gedeelte van die sorghum mark opgeneem het in die vermoutingsmark. Die sorghumverbruik vir meel het egter oor die afgelope paar jaar 'n toenemende tendens getoon, maar het slegs die daling in die moutmark se verbruik tot 'n groot mate opgeneem en het nie genoegsaam toegeneem om die totale daling in die sorghumverbruik op te maak nie.

Die gebruik van sorghum in die veevoermark het ook aansienlik gedaal, wat 'n groot verlies in die sorghumverbruik gelaat het. Die wisselvalligheid van die sorghumproduksie wat een jaar die mark in 'n tekort laat en die volgende jaar weer 'n oorskotmark laat, maak die pryse van die produk ook baie wisselvallig. Die plaaslike omvang van die mark is van so aard dat dit in meeste gevalle wanneer die land slegs 'n gemiddelde produksie jaar van sorghum beleef met relatief min invoere, plaaslike oor die weg kan kom. Dus vind die oorproduksie van sorghum in die plaaslike mark baie maklik plaas, wat die pryse van die produk onder geweldige druk plaas.

Figuur 1 stel die plaaslike vraag en aanbod van sorghum voor vanaf die 1997/98 bemarkingseisoen. Dit is duidelik uit figuur 1 dat die plaaslike verbruik oor die afgelope paar jaar in 'n dalende tendens was, met die opbrengste wat ook baie wisselvallig was en groot variasies getoon het. In figuur 1 word die werklike hektare wat jaarliks aangeplant was deur die geel kolomme getoon, terwyl die grys kolomme die aantal hektare toon waarmee die produksie aan die plaaslike vraag sou voldoen, gegewe die seisoen se gemiddelde opbrengs en die beginvoorraad vir die seisoen. Die gemiddelde Suid Afrikaanse verbruik oor die afgelope 5 jaar was ongeveer 170 000 ton, terwyl die gemiddelde opbrengs oor die afgelope 5 jaar ongeveer 2.5 ton per hektaar is. Dit beteken dat indien daar onder normale omstandighede ongeveer 50 500 hektaar aangeplant word tesame met 'n gemiddelde oordragvoorraad van rondom 45 000 ton, kan dit voldoen aan die gemiddelde plaaslike verbruik. Die verwagte oordragvoorraad van sorghum vir die huidige seisoen na die volgende seisoen, beloop ongeveer 50 000 ton, wat beteken dat daar in die volgende seisoen maklik 'n ooraanbod van sorghum in die mark kan ontstaan indien daar oormaat hektare aangeplant word en slegs gemiddelde opbrengste verkry word. Dit kan die pryse in die komende seisoen skerp onder druk plaas. Die produsente moet dus egter hierdie faktore in ag neem wanneer hulle besluite neem rakende die produksie vir die volgende seisoen.



Figuur 1: Grafiese voorstelling van die vraag en aanbod syfers van sorghum in SA

Bron: SAGIS en Graan SA

Nuwe seisoen

Die nuwe seisoen wat voorlê hou egter verskeie uitdagings in vir die produsente en sal dus die produsente noodsaak om goeie besluite te neem in terme van gewasbeplanning asook

bemaking. Baie produsente soek ander alternatiewe vir mielies om te produseer in die komende seisoen as gevolg van die winsgewendheid daarvan wat onder druk is. Indien produsente sorghumproduksie vir die seisoen oorweeg, is daar 'n paar belangrike punte wat in gedagte gehou moet word.

- Die sorghumverbruik in SA is redelik beperk en dus kan daar maklik oorproduksie plaasvind.
- Oorproduksie van sorghum kan lei tot aansienlike dalings in die pryse, wat die winsgewendheid daarvan onder druk sal plaas.
- Sorghum ding in meeste gevalle mee met mielies in terme van produksie gebiede, in die meelmark op winkelrakke en die insluiting daarvan in veevoere.
- Produsente moet ernstig oorweeg om voorseisoenkontrakte in plek te hê wanneer hulle sorghum wil plant eerder as om net te plant met geen vorming van prysverskansing in plek nie.

Graan SA

6 Oktober 2017